MONTAGU
LAERSKOOL • PRIMARY SCHOOL
LANGSTRAAT. MONTAGU. 6720 • POSBUS / P.O. BOX 10. MONTAGU. 6720
Tel: 023 614 1640 · Epos/ Email: montagu.prim@wcgschools.gov.za

6 Junie 2024

Beste Ouers

OB 22 MONTIE-MALL PROJEK 2024

Montie-Mall is weer oop vir besigheid, met nog 'n nuwe plaaslike verskaffer wat by ons aangesluit het. Ons is weer opgewonde om produkte te verkoop ten bate van ons skool, terwyl ons van ons gemeenskap se besighede ook ondersteun.

Ons deel vandag aan elke leerder twee bestelvorms uit. Ons vra asseblief al ons ouers se samewerking met die verkoop van die produkte. Ons mikpunt is dat elke leerder asseblief probeer om R350 se produkte te verkoop. Ons het in 2023 R144 079 se verkope gehaal en hiervan was 'n goeie deel wins vir die skool. Kom ons poog om vanjaar hierdie kerf verby te steek. Ons sperdatum is Donderdag, 1 Augustus 2024 om leerders kans te gee om in die vakansietyd by familie en vriende uit te kom.

Hierdie jaar het ons weer 'n blikkie sop teen verminderde prys wat u kan bestel. Dit sal namens u geskenk word aan die *Centre of Hope* vir hulle plaaslike voedingskema.

Daar is deurlopend lekker pryse te wen vir individuele leerders en die tradisionele wen-klas uitstappies. Elke klasonderwyser het ook aan hulle klas 'n teiken gestel vir 'n pret-dag wat hulle kan geniet! Ons sien uit na onderwysers in pajamas, die dra van gewone klere, klas gee onder die bome en moontlik weer 'n skoolhoof op die dak! Bring julle bestellings vinnig in om deel te wees van die opwinding!

Reëlings vir die veilige hantering van bestellings is soos volg:

- Gebruik een bestelvorm per kliënt. Moet asseblief nie meer as een persoon se bestelling op dieselfde vorm plaas nie. Daar is nog baie bestelvorms beskikbaar by die kantoor.
- Vul asb. die vorm in met leerder se naam en klas, asook besonderhede van die koper. Alle gelde moet verkieslik deur EFT (verwysing Montie-Mall en leerder se van) in die skool se bankrekening inbetaal word. Plaas bestelling plus kontant of bewys van betaling in 'n geseëlde koevert en stuur skool toe. Geld moet saam met bestellings inkom. **Gelde moet korrek wees – geen kleingeld kan gegee word nie.**
- Bring asseblief vorms terug skool toe sodra dit ingevul is. Daar is daagliks lekker pryse op die spel!

Kom ons maak van hierdie plaaslike fondsinsamelingsprojek 'n spanpoging. Baie dankie vir elkeen se samewerking. Onthou dis 'n fondsinsameling waar elkeen 'n wenner is; kopers kry waarde vir geld met die koop van kwaliteit produkte, terwyl hul terselfdertyd 'n goeie doel ondersteun – u kind se skool.

Vriendelike groete

Jan Krüger
Skoolhoof: Laerskool Montagu

Wilhelm Sadie
Beheerliggaam: Fondsinsameling